VOORSTEL VIR OPTREDE:
2 – 9 APRIL 2011

SLUITINGSDATUM:
31 JULIE 2010

ALGEMENE INLIGTING EN VOORWAARDES

Die Absa KKNK stel elke jaar 'n opwindende feesprogram in 'n verskeidenheid van kunsstyle saam. Deelname aan die fees geskied op uitnodiging, maar om 'n regverdige kans op deelname te verseker, word voorleggings ook oorweeg.

Wie moet hierdie vorm voltooi?

As jy oorweeg wil word vir 'n uitnodiging om in 'n binnensmuurse produksie by die Absa KKNK op te tree, moet jy hierdie vorm asseblief volledig invul, onderteken en saam met die verlangde dokumentasie voor die sperdatum indien. 'n Afsonderlike vorm is beskikbaar om 'n tentoonstelling vir visuele kuns voor te stel. En daar bestaan 'n bykomende geleentheid om vir die musiekprogram by die fees se buiteverhoë oorweeg te word.

Balans in die feesprogram

Die Absa KKNK stel 'n gebalanseerde program saam, waarin verskeie aspekte, soos oorspronklikheid, vernuwing, die profiel van kunstenaars en feesgangers, vraag en aanbod binne die verskillende kunsstyle, artistieke meriete, teikengroepe, omvang, integrasie, bekostigbaarheid en taal, 'n rol speel.

Ontvangserkenning

Alle voorstelle ontvang 'n skriftelike erkenning van ontvangs teen 16 Augustus 2010. Die Absa KKNK aanvaar geen verantwoordelikheid vir voorstelle wat in die pos wegraak nie.

Beoordeling

Alle voorstelle wat teen die sperdatum ontvang is, word aan die Absa KKNK se artistieke advieskomitee, die Kunstekabinet, gesirkuleer vir 'n beoordeling van artistieke meriete. By voltooiing van hierdie proses, wat op 'n eenvormige puntestelsel en sonder beïnvloeding van mekaar geskied, word die Kunstekabinet se aanbevelings deur die Programspan (wat uit verteenwoordigers van die Kunstekabinet, Feesdireksie en Bestuur bestaan) oorweeg. Die Programspan fokus op die versoening van die Kunstekabinet se aanbevelings met feesbeleid en begroting. Die Programspan behou die reg voor om projekte te inisieer en om leemtes aan te vul. Die beslissings van die Kunstekabinet, Programspan en Direksie is finaal.

Vergoedingspakket

Voorstelle wat aanvaar word, sal 'n variasie op een van die volgende vergoedingspakkette aangebied word:

1. Fooi, of
2. Persentasie van kaartjieverkope.

Verskeie faktore beïnvloed die finale samestelling van die vergoedingspakket, waaronder: omvang, verblyf, vervoer, kaartjiepryse, status van kunstenaars, tegniese oorwegings, ens.

Befondsing

Die Absa KKNK befonds net pre-produksiekoste van enkele optredes wat in opdrag van die Absa KKNK, of in samewerking met ander feeste, teaters of vervaardigers, geskep word. Die Nasionale Kunsteraad en die NLDTF oorweeg gereeld aansoeke om befondsing. Meer inligting is beskikbaar by www.nac.org.za en www.nlb.org.za/nldtf.asp

Maksimum betrokkenheid

Om skedulering te vergemaklik en om werk te versprei mag geen lid van enige optrede by **meer as drie** optredes betrokke wees nie. Dit geld ook vir musikante en tegnici.

Inskrywingsfooi

'n Nie-terugbetaalbare inskrywingsfooi van R130 (BTW ingesluit) per voorstel word gehef. Hierdie fooi word aangewend om die koste van beoordeling te delg. Daar is twee betaalopsies:

1. Heg 'n tjek, uitgemaak aan die Absa KKNK, by jou voltooide vorm aan.
2. Deponeer R130 in dié rekening en heg jou depositostrokie by jou voltooide vorm aan: Bank: Absa; Rekeningnaam: KKNK; Tipe: Tjek; Takkode: 632005; Rekeningnommer: 406 187 0951; Verwysing: Titel van Voorgestelde Optrede.

Vervaardigerstantieme

Waar en indien die Absa KKNK 'n bydrae maak tot pre-produksiekoste, neem hy 'n vervaardigerstantieme bereken op bruto inkomste vir 'n periode van drie jaar. Die persentasie word bepaal deur die omvang van die Absa KKNK se bydrae.

Skedulering

Die Absa KKNK stel die finale skedulering vas op grond van individuele onderhandelings. Dit is belangrik om jou optrede se voorkeurdatums korrek deur te gee en aan te dui wie in jou span (tegnici en musici ingesluit) by ander optredes betrokke is. Let asb. daarop dat die tegniese en stelinligting wat jy nou verskaf, gebruik sal word om te bepaal in watter venue jou produksie geskeduleer sal word, indien dit uitgenooi word.

Veranderings

Enige veranderings op hierdie vorm moet skriftelik vir die aandag van die Programbestuurder, Kobus Burger, deurgegee word by faks 086 585 0863 of kburger@kknk.co.za

Kanna Toekennings

Alle binnensmuurse optredes by die Absa KKNK word deur die Kannapaneel beoordeel en kom outomaties in aanmerking vir die Kanna Toekennings. Pryse (bestaande uit kontant en 'n beeldjie) word in verskillende kategorieë toegeken.

Nuwe tekste

Dramaturge is welkom om nuwe tekste sonder 'n vervaardiger, regisseur en rolverdeling in te skryf. Die teks sal steeds beoordeel word en indien die Programspan aanbeveel dat dit opgevoer word, sal 'n geskikte vervaardiger deur die Absa KKNK gevind word.

Indien jy graag verdere terugvoer wil ontvang om sodoende verder aan die teks te slyp, dui asseblief so aan in Vraag no. 11.

Opvoerregte

Dit is elke optrede se verantwoordelikheid om opvoerregte met DALRO en/of SAMRO uit te klaar. Dui die koste-implikasie hiervan op jou begroting aan. Daar sal van gekeurde optredes verwag word om bewys te lewer dat opvoerregte bekom is.

Komplimentêre kaartjies

Die Absa KKNK maak voorsiening vir 'n redelike aantal komplimentêre kaartjies per venue, vir eie en gebruik deur die media en borge. Waar komplimentêre sitplekke nie benut word nie, word dit voor vertonings weer te koop aangebied.

Feesgids

As jou produksie gekeur word, moet jy in gedagte hou dat ons tydig 'n kort en 'n lang beskrywing van die produksie en foto's gaan benodig vir onder meer die Feesgids en Programpamflet wat vanjaar reeds in Desember beskikbaar gaan wees. Die sperdatum wat hier van toepassings is, is 29 Oktober 2010 vir beskrywings en vir foto's (ten minste 300dpi).

Publisiteit en Bemarking

Elke optrede is vir sy eie publisiteit en bemarking verantwoordelik, wat ondersteun sal word met algemene bemarking en publisiteit deur die Absa KKNK. Optredes mag 'n maksimum van 50 plakkate en 2 baniere (net by die venue van optrede) opsit.

Werkswinkel

Ons hoor graag of jy daarin belangstel om by 'n werkswinkel betrokke te raak as deel van die Klein Karoo Kunste Akademie en/of **klap!** (Skolefees) program tydens die fees. Hierdie inisiatief is gemik op die oordrag van vaardighede op kunsgebied. Die sessies word meestal gratis aangebied en word meestal bygewoon deur tieners.

VOORSTEL VIR OPTREDE:
2 – 9 APRIL 2011

SLUITINGSDATUM:
31 JULIE 2010

KONTAKBESONDERHEDE

1. Wat is die titel van jou voorgestelde optrede?

2. Wat is die naam van jou Produksiehuis/Groep/Geselskap?

3. Wat is die besonderhede van jou Kontakpersoon?

(Jou kontakpersoon dien as skakel tussen jou optrede en die Absa KKNK en moet maklik bereikbaar en in staat wees om besluite te neem. Die Absa KKNK kommunikeer elektronies en daarom moet die kontakpersoon oor 'n e-pos adres of faksnommer beskik.)

Voornaam:		Van:	
Tel (bedags):		Tel (saans):	
Faks:		Selfoon:	
E-pos:		Stad:	

BESONDERHEDE VAN VOORGESTELDE OPTREDE

1. Watter kunssoort en –styl pas die beste by jou voorgestelde optrede?

*(Kies net een opsie. Verskaf asb. volledige inligting oor jou optrede, sodat dit so korrek as moontlik ingedeel kan word. Dis uiters belangrik dat ons almal korrek inlig oor die aard van jou optrede, daarom is dit noodsaaklik om die korrekte kunssoort en –styl te kies. Indien jy onseker is oor waar jou optrede inpas, is jy welkom om dit uit te klaar met Kobus Burger by **kburger**@kknk.co.za .)*

1.1 Dansteater:	Ballet:		Beweging:		Dans:		Mimiek:	
1.2 Musiekteater:	Kabaret:		Opera:		Pantomime:		Revue:	
	Ander:		Verskaf benaming asseblief:					
1.3 Musiek – Kontem-porêr:	A capella:		Alternatief:		Blues:		Crossover:	
	Folk:		Folkrock:		Fusion:		Gospel:	
	Hip-Hop:		Jazz:		Kommersieel:		Pop:	
	Rock:		Rhythm & Blues:		Soul:		Wêreld:	
	Ander (verskaf benaming):							
1.4 Musiek – Klassiek:	Instrumentaal – Solis:				Instrumentaal – Ensemble:			
	Sang – Solis:				Sang – Ensemble:			
1.5 Toneel:	Drama:		Komedie:		Skerpskerts (stand-up):			
	Ander (verskaf benaming):							
1.6 Kinderteater:	Toneel:		Marionette:		Poppekas:		Pantomime:	
	Ander (verskaf benaming):							
1.7 Woordkuns:	Dramatisering:		Storievertel:		Hoorbeeld:			
	Ander (verskaf benaming):							
1.8 Lesings en Gesprekke:	Lesing:				Gesprek:			
1.9 Filmkuns:	Dokumentêr:		Kort film:		Vollengte film:			
	Ander (verskaf benaming):							

1.10 Straatteater of gebeurlikheidsteater *(happening/performance art)*

Indien nie een van bogenoemde op jou optrede van toepassing is nie, vul jy dalk die verkeerde vorm in. Sien asb. www.absakknk.co.za vir alle beskikbare aansoekvorms.

2. In watter taal (tale) word jou voorgestelde optrede aangebied?

3. Wie is die teikengroep van jou voorgestelde optrede?

(Kies net een opsie: gesin sluit jeug en kinders in, terwyl volwasse kinders uitsluit, maar jeug kan insluit na gelang van die voorgestelde ouderdomsperk.)

Gesin: Volwasse: Jeug: Kinders:

4. Indien jou voorgestelde optrede vir 'n volwasse gehoor bedoel is, watter ouderdomsperk stel jy voor?

Geen o/10: Geen o/12: Geen o/14: Geen o/16: Geen o/18:

Wat is die rede waarom jy 'n ouderdomsperk voorstel?

Diviniteit: Geweld: Naaktheid: Seks: Taal: Vooroordeel: Ander:

Indien Ander, omskryf asb. die aard van die sensitiwiteit:

Die inhoud van my vertoning is van so aard dat klein kinders wat 'n steurnis veroorsaak, ander feesgangers sal steur:

5. Hoe lank is jou voorgestelde optrede?

Optrede: min + Pouse: min = Totale duur: min

6. Sal jou voorgestelde optrede by die Absa KKNK debuteer?

Ja: Gaan na Vraag 11 Nee: Gaan na Vraag 8

7. Verskaf volledige besonderhede van vorige speelvakke:

Datum	Venue	Stad/Dorp	Aantal Optredes

8. Verskaf besonderhede van enige toekennings ontvang:

Datum	Instansie	Titel van toekenning

9. Persvrystelling / Resensie

Heg asb. 'n persvrystelling en / of resensie van jou optrede(s) aan.

10. Bevat jou voorgestelde optrede 'n teks?

Ja: Gaan na Vraag 11 Nee: Gaan na Vraag 14

11. Is dit 'n nuutgeskepte teks?

Ja: Nee:

Naam van skrywer:

Sal jy graag terugvoer wil ontvang rakende jou teks?

Ja: Nee:

12. Is jou teks 'n verwerking of 'n vertaling van 'n bestaande werk?

Indien jou teks 'n vertaling is, moet jy 20 tot 25 % van die vertaling hierby insluit.

Vertaling: Verwerking:

Titel van die oorspronklike werk:			
Oorspronklike skrywer:		Taal:	
Naam van verwerker/vertaler:			

13. Sluit jy hierby regisseursnota's (*director's treatment*) in?

(Hou in gedagte dat indien jou optrede 'n teks bevat, dit saam met die regisseursnota's die vernaamste beoordelingskriteria sal wees. Jy sal jou voorstel diskwalifiseer indien jy enige van die twee nie insluit nie.)

Ja: Nee:

14. Bevat jou voorgestelde optrede enige musiek?

Ja: Gaan na Vraag 15 Nee: Gaan na Vraag 16

15. Sluit jy 'n CD met van die musiek wat jy beplan om in jou voorgestelde optrede te gebruik by jou aansoek in?

(Indien jou optrede musiek bevat, is dit noodsaaklik om 'n CD met ten minste van die musiek daarop by jou voorstel in te sluit. Jy sal jou voorstel diskwalifiseer daarsonder.)

Ja: Nee:

16. Bevat jou voorgestelde optrede enige dans?

Ja: Nee:

(Indien jou optrede enige dans bevat, is dit noodsaaklik om 'n DVD met onlangse werk van die geselskap by jou voorstel in te sluit. Jy sal jou voorstel diskwalifiseer daarsonder.)

17. Wie is die regisseur van jou voorgestelde optrede?

(Heg asb. jou regisseur se CV by jou voorstel aan.)

18. Hoeveel persone is daar in die geselskap van jou voorgestelde optrede?

Mans: Dames: Kinders: Totaal:

19. Hoeveel gevestigde en opkomende kunstenaars is daar in jou geselskap?

Die Absa KKNK is 'n kunstefees vir professionele optredes, met wêreldklas gehalte 'n voorwaarde, wat ook geleenthede vir opkomende kunstenaars met spesiale projekte skep. Die Absa KKNK doen ook 'n beroep op professionele produksiehuise om opkomende kunstenaars en integrasie in die samestelling van geselskappe te oorweeg.

Gevestig: Opkomend:

20. Verskaf 'n naamlys van jou geselskap en dui aan in watter kapasiteit en ook by watter ander voorstelle elkeen moontlik betrokke is. Onthou om ook jou produksiespan en ondersteuningspersoneel hierby in te sluit.

(Die rolverdeling wat hier ingesluit word, word as deel van jou aansoek oorweeg en enige veranderings daaraan mag die keuring van jou aansoek beïnvloed.)

Voornaam en Van	Betrokkenheid	Ander voorstelle

21. Op watter van die onderstaande dae is jou voorgestelde optrede NIE vir die Absa KKNK beskikbaar NIE?

02 Apr 2011	03 Apr 2011	04 Apr 2011	05 Apr 2011	06 Apr 2011	07 Apr 2011	08 Apr 2011	09 Apr 2011

22. Motivering

Heg 'n motivering oor hoekom jou voorgestelde optrede by die Absa KKNK behoort te speel, by jou voorstel aan.

23. Begroting

Heg 'n volledige begroting vir jou optrede by jou voorstel aan. Maak voorsiening vir alle moontlike uitgawes – ook reis, verblyf en stelvervoer. Gee soveel as moontlik detail in jou begroting. Stel jou begroting op om vir die volgende afdelings voorsiening te maak: pre-produksie, repetisie, speelvak by die Absa KKNK, administrasie, bemarking, reis, verblyf en etegeld. 'n Voorbeeldbegroting is beskikbaar by www.absakknk.co.za. 'n Begroting in hierdie formaat gee aan ons 'n idee van wat dit sal kos om jou optrede na die Absa KKNK te bring en vorm die basis van verdere onderhandelings, indien enige. Ongevalle en mediese versekering vir al die kunstenaars en tegniese personeel betrokke, is ook die vervaardiger se verantwoordelikheid.

24. Is jou optrede bereid om 'n werkswinkel as deel van die Klein Karoo Kunste Akademie aan te bied?

Ja: ☐ Nee: ☐

TEGNIESE OMVANG

1. Wat is die minimum optree spasie wat jou voorgestelde optrede benodig?

☐ m breed x ☐ m diep x ☐ m hoog

2. Het jy 'n voorkeurvenue? ☐

3. Watter van die volgende benodig jou voorgestelde optrede?

Item	Nee	Ja	Verdere instruksies
3.1 Tegniese Toerusting			Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
3.2 Beligting			Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
3.3 Multimedia / oudiovisueel			Heg 'n kort uiteensetting van toerusting benodig aan
3.4 Klavier			Regop: ☐ Vleuel: ☐

KONTROLELYS

Jou voorstel om optrede sal net oorweeg word indien jy 'n volledige voorstel, wat al die verlangde ondersteuningsmateriaal bevat, indien. Gebruik die lysie hieronder om seker te maak jou aansoek is volledig:

Het jy al die toepaslike vrae volledig voltooi?	☐	Het jy 'n finale teks ingesluit?	☐
Het jy 'n CV van jou regisseur ingesluit?	☐	Het jy regisseursnota's ingesluit?	☐
Het jy 'n CD met musiek ingesluit?	☐	Het jy 'n motivering ingesluit?	☐
Het jy 'n DVD met dans ingesluit?	☐	Het jy 20 – 25% van jou vertaling ingesluit?	☐
Het jy 'n uiteensetting van tegniese toerusting ingesluit?	☐	Het jy 'n persvrystelling of resensie ingesluit?	☐
Het jy 'n tjek vir R130.00 of betaalbewys daarvoor ingesluit?	☐	Het jy 'n volledige begroting ingesluit?	☐

SPERDATUMS, KONTAKBESONDERHEDE EN ADMINISTRASIE

SPERDATUMS

Die volgende sperdatums is van toepassing op keuring en skedulering:

31 Jul. 2010	Sluitingsdatum vir indien van voorstelle
16 Aug. 2010	Ontvangserkennings uit
12 Okt. 2010	Uitslag van keuring bekend gemaak

ADRES VIR AFLEWERING

Geen gefaksde voorstelle sal oorweeg word nie. Pos of koerier jou voorstel na een van die volgende adresse:

Pos:	Koerier:
Absa KKNK Voorstelle	Absa KKNK Voorstelle
Posbus 1341	3de Vloer
Oudtshoorn	Seppie Greeff Gebou
6620	Voortrekkerweg
	Oudtshoorn

TERUGSENDING VAN MATERIAAL

Indien jou aansoek onsuksesvol is, moet materiaal (foto's) aan jou teruggestuur word?

Ja ☐ Nee ☐ Tel: (044) 203 8600

Indien Ja, sluit 'n self-geadresseerde en gefrankeerde koevert hierby in.

NAVRAE

Rig jou navrae gedurende kantoorure aan:

Kobus Burger

Tel: 082 950 7327

kburger@kknk.co.za